

# Strewe na gehaltekoring met hoër opbrengste

Syngenta se saadnavorsing, -teling en -ontwikkeling is gemik op gesertifiseerde saad wat die bedryf se gehaltevereistes oortref, tot voordeel van die produsent en die verbruiker.



In Syngenta se koringprogram is die hoofklem om die opbrengspotensiaal van koringproduksie in Suid-Afrika te verhoog, terwyl dit steeds graan van uitstekende gehalte aan die verwerker bied.

“Die dryfveer is om saam met ons klante te groei. Die planne wat ons in ons teelprogramme beraam en uitvoer, moet uiteindelik gestalte kry in gesonde plante en goeie opbrengste op die produsent se plaas. Die produsent se verwagtinge bepaal ons klem en ons moet daaraan voldoen tot bevrediging van die produsent,” sê mnr. Andries Wessels, verkoops- en produkontwikkelingsbestuurder vir saad by Syngenta.

“Nuwe genetiese materiaal word in die teelprogramme ingebou vir die ontwikkeling van kultivars met ’n hoër opbrengs en beter siekteweerstand. ’n

Koringprodusent wil binne die beskikbare produksieraamwerk probeer om sy risiko’s te verlaag en insetkoste te besnoei, terwyl hy na maksimum opbrengs streef. Binne ons navorsings- en teelprogramme probeer ons hieraan voldoen. Die belangrikste aspek van enige teelprogram is om te voorspel wat ons klante se verwagtinge en behoeftes gaan wees, en dan betyds nuwe produkte te lewer wat nie net daaraan voldoen nie, maar ook stabiel en aangepas is vir die klant se omgewing,” sê Wessels.

Volgens mnr. Stephan de Groot, koringteler by Syngenta, konsentreer die maatskappy op die plaaslike ontwikkeling en verbetering van die gewas omdat dit uiters belangrik vir die graanbedryf is.

“Met die diverse klimaatsomstandighede waarbinne koring in Suid-Afrika verbou word, is plaaslike teelprogramme baie

**KLEM GEPLAAS OP OPBRENGSPOTENSIAAL.** Syngenta het drie teelprogramme vir koring waarin die maatskappy vir ’n verskeidenheid eienskappe selekteer om kultivars te ontwikkel wat goed aangepas is vir die spesifieke plantgebiede. FOTO: SYNGENTA

belangrik. Syngenta het drie teelprogramme vir Suid-Afrika wat daarop toegespits is om voortdurend beter koringkultivars bekend te stel.”

De Groot sê die hoofklem is om opbrengs te verhoog, terwyl die plante weerstand bied teen veranderende omgewingstoestande, wat biotiese en abiotiese stremming insluit. Met klimaatsverandering verander teelwitte voortdurend omdat dit nie net meer of minder vog kan beteken nie, maar ook ’n verskuiwing in seisoene en die voorkoms van siektes.

“Ons het twee droëland-teel-

programme wat op die Wes-Kaap en Vrystaat konsentreer, asook ’n teelprogram wat koringkultivars vir besproeiingsgebiede ontwikkel.

“Die Wes-Kaapse koringteelmateriaal beskik oor goeie weerstand teen kroonvrot en baie goeie uitloopweerstand. Omdat roesweerstand ook uiters belangrik is, konsentreer ons daarop om kultivars te ontwikkel wat al drie hierdie aspekte aanpak. In die besproeiingsteelprogram is ons op die punt om produkte wat weerstand teen *Fusarium* toon, bekend te stel.

“In die drie programme selekteer ons ’n groot verskeidenheid karaktereenskappe om kultivars te ontwikkel wat goed aangepas is vir die spesifieke gebiede. Die belangrikste eienskappe is goeie opbrengs wat stabiel is, en goeie graangehalte. Die kultivars moet ook beskik oor eienskappe soos goeie staanvermoë en siekteweerstand, pitvastheid, toleransie teen uitloop, en goeie maal- en bakeienskappe.

“Ons plant navorsings-, strook-, blok- en kommersiële proewe. In hierdie proewe word die produkte in die Sensako-handelsmerk teen Syngenta se eie, ander maatskappye en die markleier in die segment getoets,” sê De Groot.

“Omdat omgewingstoestande van een jaar tot ’n volgende wissel, word meerjarige proewe gedoen om die kultivars se aanpassing en stabiliteit te bepaal. Die inligting wat uit hierdie proewe ingesamel word, is van onskatbare waarde vir die verkoopspan, asook vir telers en navorsers met die oog op toekomstige produkontwikkeling,” sluit De Groot af. **LBW**

NAVRAE: Web: [sensako.co.za](http://sensako.co.za)